

GESKIEDENIS EN ANTROPOLOGIE: ONDERWEG NA 'N MENSLIKER GESKIEDENIS?

Johannes du Bruyn
Universiteit van Suid-Afrika

The line dividing history and ethnology has never really been based on epistemological criteria but rather on the external conditions governing the development of the two branches of knowledge and on a sort of custom separating two academic finds.

Francois Furet.

Anthropology can widen the possibilities, can help us take off our blinders, and give us a new place from which to view the past and discover the strange and surprising in the familiar landscape of historical texts.

Natalie Z Davis

Die opkoms van nasiestate in Europa was 'n belangrike stukrag vir die ontwikkeling van geskiedenis as 'n dissipline; die kolonisasie van Afrika, Asië en Amerika het die grondslag vir antropologie as wetenskap gelê. Die grondslae van hierdie dissiplines het hulle ideologies en metodologies van mekaar geskei. Geskiedenis is vereenselwig met "progressiewe", "komplekse", "gevorderde" en hoofsaaklik Blanke samelewings; antropologie is grootliks tot die studie van gekoloniseerde, skriflose, "primitiewe", "kultuur-agterlike", "statiese" en oorwegend Swart gemeenskappe beperk. Die historiese metode het veral op die grondige ontleding van diplomatieke dokumente berus om die unieke, eenmalige gebeure en veranderings in die verlede te belig. Die antropologiese metode het grootliks uit veldwerk in die "etnografiese hede" bestaan, die direkte waarneming van 'n "stammikrokosmos": die ontleding van die kultuur van 'n gemeenskap en die funksie en strukture van instellings met die uiteindelijke oogmerk om die algemene, konstante en vergelykbare uit te lig. Die afgelope drie dekades het dekolonisasie, industrialisasie, die opkoms van die "gewone man" (en deesdae veral ook die vrou!) en toenemende invloed van die Marxisme as ondersoekmetode die grense tussen geskiedenis en antropologie laat vervaag.

In Suid-Afrika is die verhouding tussen geskiedenis en antropologie ingrypend deur die apartheidsgedagte beïnvloed. Die twee dissiplines is as't ware van mekaar gesegreer: die studieveld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is nog grootliks tot die politieke verlede van die Blankes beperk; die geskiedenis van Swartes is meestal as 'n studiegebied van die volkekunde en sosiale antropologie beskou. 'n Jonger geslag Engelstalige historici het egter die afgelope dekade die konvensionele grense tussen die twee dissiplines oorgesteek en antropologiese en historiese gegewens redelik geslaagd in hul werk geïntegreer.

Geskiedenis en antropologie het 'n gemeenskaplike oorsprong: albei maak op Herodotos as hul "vader" aanspraak. In die tweede boek van sy bekende werk beskryf Herodotos nie slegs die leefwyse van die Egiptenare nie, maar toon ook aan hoe die Egiptiese kultuur dié van die Grieke beïnvloed het. Só het etnografie en vergelykende an-

tropologie hul beslag gekry. Die res van die boek is die werk van 'n diachroniese historikus wat een oorlog en dinastie na die ander beskryf.¹ Eeue lank het die Europese geskiedsvisie geskiedenis en antropologie saamgebind. Die hede is reglynig en kousaal aan die verlede verbind; "andersheid" is in terme van tydskuur verklaar. Volgens dié siening was die nuut ontdekte "primitiewe" gemeenskappe die verlede of kinderfase van die Europese beskawings.²

Van die sestiende eeu af het die paaie van Herodotos se kinders begin skei. Geskiedenis is toenemend vereenselwig met die vooruitstrewende nasiestate van Europa; die "primitiewe" gemeenskappe het die studieveld van antropologie geword. Gedurende die negentiende eeu het Herodotos se spruite heeltemal van mekaar vervreemd geraak. Geskiedenis het toenemend sy antropologiese dimensie verloor en historisme geword: sy studieveld is tot die nasionale staat, nasionalisme, staatsmanne en mag verskraal; die unieke, eenmalige en veranderlike in die verlede is beklemtoon; en bowenal was die kritiese ontleding van die diplomatieke dokument die grondslag van sy wetenskaplikheid. Antropologie het as 'n soort bywetenskap ontwikkel; sy studieveld is omskryf as dié gemeenskappe wat nie by die Europese en Noord-Amerikaanse geskiedenis tuishoort nie. Die ooreenkomste tussen die dissiplines moes plek maak vir teenstellings: dokumente teenoor skrifloosheid; verandering teenoor stagnasie; vooruitgang teenoor agterlikheid; en, mettertyd, die diachroniese teenoor die sinchroniese.³

In geskiedenis het die antropologiese dimensie na die agtergrond verskuif of verdwyn,⁴ maar antropologie het nooit die historiese dimensie heeltemal verwaarlos nie. Die klem val uiteraard op struktuur, maar selfs die mees anti-historiese skole verontagsaam nie proses of historiese konteks nie. Die historiese dimensie is veral opvallend in die Duitse *Völkerkunde*. Teen die einde van die negentiende eeu het volkekundiges gedebatteer of volkekunde 'n natuurwetenskap of kultuur- of "mensheidsgeskiedenis" is. Die bloeitydperk wat die Duitse geskiedeniswetenskap beleef het, het die deurslag gegee: die algemene mening was dat volkekunde aan geskiedenis verwant is. Trouens, in 1911 het F Graebner na aanleiding van E Bernheim se bekende werk oor die geskiedenismetodiek die eerste volkekundehandleiding, *Methode der Ethnologie*, geskryf.⁵ *Historische Völkerkunde* is tans 'n belangrike vertakking van volkekunde en verskil in wese nie van geskiedenis nie. Schmitz omskryf historiese volkekunde soos volg: "Forschungs-Gegenstand der historischen Völkerkunde ist die Geschichte jener Völker, die keine Schrift besitzen oder bis vor kurzem keine solche besaßen."⁶

Die Amerikaanse kulturele antropologie vertoon eweneens 'n sterk historiese inslag. Dit kan enersyds toegeskryf word aan die invloed van F Boas en veral AL Kroe-

Herodotus. *The histories* (Hammondsworth, 1972), boek II, pp.129–201, en AR Burn se inleiding, p.10.

F Furet, "History and primitive man" in J Dumoulin & D Moisi (reds), *The historian between the ethnologist and the futurologist* (Parys & Den Haag, 1973), p.197; BS Cohn, "Toward a rapprochement", *Journal of interdisciplinary history* ("Anthropology and history in the 1980s"), vol. XII, no. 2, 1981, pp.227–228.

Furet, "History and primitive man", pp.198–199; Cohn, "Toward a rapprochement", pp.228–231.

4. Kyk in hierdie verband T Nipperdey, "Die anthropologische Dimension der Geschichtswissenschaft" in G Schulz (red.), *Geschichte Heute: Positionen, Tendenzen und Probleme* (Göttingen, 1973), pp.225–255.

JH Coetzee, "Volkekunde" in P de Klerk (red.), *Die geskiedenis in die wetenskap* (Potchefstroom, 1976), pp.32–33.

5. CA Schmitz (red.), *Historische Völkerkunde* (Frankfurt a.M., 1967), p.1.

ber, en andersyds aan die aard van kultuur-antropoloë se studieveld: die verbrokkelende Indiaanse gemeenskappe. Die klem val op kultuur, kultuurkontak, kultuurverspreiding en kultuurverandering; gevolglik was dit onmoontlik om die historiese dimensie te verontagsaam. In sy verweer teen Kroeber se aantyging dat hy die historiesiteit van kultuurverskynsels verwaarloos het, beweer Boas: "To understand a phenomenon we have to know not only what it is, but also how it came into being. Our problem is historical."⁷ Hy was nie teen die rekonstruksie van "primitiewe" mense se geskiedenis gekant nie, maar het 'n belangrike voorwaarde gestel: "There is, however, a difference between cautious reconstruction based on ascertained data and sweeping generalizations that must remain more or less fanciful."⁸ Kroeber se kritiek op sy leermeester spruit uit sy opvatting dat antropoloë nie net histories te werk moet gaan om hul gegewens te bekom nie, maar hul data ook histories moet interpreteer. Hy het 'n "historiese benadering" tot antropologie bepleit.⁹ Só sterk was die historiese ingesteldheid van kulturele antropologie dat daar in die vyftigerjare 'n nuwe vertakking, "ethnohistory" of etnogeskiedenis, ontstaan het. Reeds in 1952 het William Fenton beweer dat kulturele antropologie nog nie sy moontlikhede as geskiedeniswetenskap verwesenlik het nie en gepleit dat antropoloë hul veldwerk met argivale navorsing en uit letterkundige bronne moes aanvul.¹⁰ Sedertdien het verskeie ethnohistoriese studies die lig gesien, onder meer die Kanadese antropoloog-argeoloog, Bruce Trigger, se merkwaardig geslaagde geskiedenis van die Huron.¹¹

Etnogeskiedenis is nie 'n afsonderlike dissipline of selfs subdissipline nie; dit is 'n "interdissipline" wat in die middel van die driehoek, antropologie, argeologie en geskiedenis, lê. Ethnohistorici benut alle beskikbare bronne om 'n skriflose gemeenskap se geskiedenis te rekonstrueer; hulle gaan diachronies en sinchronies te werk om historiese en sosiale verskynsels te verklaar.¹² Dié lewenskragtige rigting word ook in Australië en Nieu-Seeland beoefen,¹³ maar dit is te betwyfel of die term "ethnohistory" juis is. Daar is niks "etnies" aan dié soort geskiedenis nie; sy interdissiplinêre benadering maak dit nie uniek nie, ook nie die integrering van strukturele en historiese benaderings nie. Soos Fenton van Trigger se werk gesê het: "I see his aim as pure history."¹⁴

Naas *Völkerkunde* en kulturele antropologie vertoon sosiale antropologie, of eerder funksionalisme, minder histories. Na aanleiding van B Malinowski en AR Radcliffe-Brown se uitsprake word sosiale antropologie oor die algemeen as a-histories

F Boas, "History and science in anthropology: a reply". *American anthropologist*, vol. 38, no. 1, 1936, p.137.

8. *Ibid.*, p.140.

AL Kroeber, "History and science in anthropology". *American anthropologist*, vol. 37, no. 4, 1935, pp.539 – 569; Kroeber, *An anthropologist looks at history* (Berkeley & Los Angeles, 1963), veral pp.152 – 159.

10. WN Fenton, "The training of historical ethnologists in America", *American anthropologist*, vol. 54, no. 3, 1952, pp.328 – 339.

11. BG Trigger, *The children of Aataensic: a history of the Huron people to 1660*, 2 vols (Montreal & Londen, 1976).

12. WC Sturtevant, "Anthropology, history, and ethnohistory", *Ethnohistory*, vol. XIII, 1966, pp.1 – 51; J Axtell, "The ethnohistory of early America: a review essay", *William and Mary quarterly*, vol. XXV, 1978, pp.110 – 144.

13. J McBryde, "Ethnohistory in an Australian context: independent discipline or convenient data quarry?", *Aboriginal history*, vol. 3, part 2, 1979, pp.128 – 151.

14. WN Fenton, "Huronian: an essay in proper ethnohistory", *American anthropologist*, vol. 80, no. 4, 1978, p.927.

bestempel. Malinowski se funksionalisme kom daarop neer dat 'n gemeenskap se sosiale instellings op 'n gegewe plek en tyd as 'n funksionele eenheid waargeneem moet word: geen deel kan sonder die geheel verstaan word nie. Hy was dus gekant teen die gebruik om kultuur of sosiale instellings in komponente te verdeel en die oorsprong en verspreiding van 'n geïsoleerde komponent histories na te spoor.¹⁵ Ook Radcliffe-Brown het aan die waarde van 'n historiese benadering tot antropologie getwyfel. Hy het eerstens 'n praktiese probleem voorsien: "primitiewe" gemeenskappe beskik oor geen historiese dokumente nie. Boonop is geskiedenis ideografies en beskryf die opeenvolging van unieke gebeure; antropologie gaan vergelykend, analities en veralgemenend te werk. Kortom, geskiedenis verklaar; antropologie begryp.¹⁶ Tog moet Malinowski en Radcliffe-Brown se standpunte nie in isolasie gesien word nie: dit was grootliks gemik teen die lukrake wyse waarop antropoloë, veral die sogenoemde diffusioniste, geskiedenis gebruik het. Daarby is dié twee antropoloë se sienings nie verteenwoordigend van sosiale antropologie nie. Soos Schapera aantoon, het baie van Malinowski en Radcliffe-Brown se studente, waar moontlik, wel aandag aan die historiese konteks geskenk.¹⁷ Dit was immers 'n sosiale antropoloog wat in die vyftigerjare 'n oortuigende pleidooi vir 'n ouer skakeling tussen antropologie en geskiedenis gelewer het.¹⁸ En ten minste twee sosiale antropoloë, Isaac Schapera en Monica Wilson, het hulle as bedrewe historici onderskei.

Oor die algemeen beklemtoon die Franse antropologie of *ethnologie* struktuur ten koste van geskiedenis. Sedert 1945 oorheers drie tendense die toneel: Georges Balandier se dinamiese funksionalisme, Claude Lévi-Strauss se strukturalisme en struktuur-Marxisme soos verteenwoordig deur onder meer C Meillassoux, M Godelier, P-P Rey en E Terray. In Balandier se werk, wat hy as "Afrika-sosiologie" bestempel, verdwyn die grense tussen antropologie en geskiedenis: die verlede word aan die hede gekoppel. Sy uitgangspunt is onder meer dat Afrika-gemeenskappe 'n dinamiese geskiedenis het, en dat die huidige sosiale en ideologiese bewegings sowel historiese strukture as veranderings weerspieël wat deur kolonisasie veroorsaak is.¹⁹ Balandier se historiese ingesteldheid blyk duidelik uit sy sosiale geskiedenis van die Kongo-koninkryk. Hy benut historiese bronne en antropologiese gegewens om 'n beeld van die mense se daaglikse lewe te herskep. Maar Balandier het ook die hede in die oog: hy wil verskynsels en probleme, soos mites, kommunikasie en sosiale verandering in Afrika toelig.²⁰ Lévi-Strauss se werk kom baie minder histories as dié van Balandier voor: sy strukture sweef ver bokant tyd en plek rond. Volgens hom word menslike optrede deur die universele, verborge en onbewustelike strukture van die menslike gees bepaal. Hierdie strukture kom onbewustelik tot uiting in die vorm van onder meer taal, mites en simbole. Dit is die taak van die struktuurmetode om die "kodes" van menslike

-
15. B Malinowski, *A scientific theory of culture* (Londen, 1960); A Kuper, *Anthropologists and anthropology: the British school 1922 - 1972* (Londen, 1973), pp.13 - 50.
 16. AR Radcliffe-Brown, *Structure and function in primitive society* (Londen, 1952), pp.2 - 3; Kuper, *Anthropologists and anthropology*, pp.51 - 88.
I Schapera, "Should anthropologists be historians?", *Journal of the Royal Anthropological Institute*, vol. 92, 1962, pp.143 - 156.
 18. EE Evans-Pritchard, "Anthropology and history", in sy *Essays in social anthropology* (Londen, 1969), pp.46 - 65.
 19. J Copans, "African studies: a periodization", in PC Gutkind & P Waterman (reds), *African social studies: a radical reader* (Londen, 1977), pp.23 - 24.
 20. G Balandier, *Daily life in the kingdom of the Kongo from the sixteenth to the eighteenth century* (New York, 1968), pp.23 - 24.

gedrag te ontsyfer en na die verborge, onbewustelike strukture deur te dring en te verklaar. Die doel van etnografie en die historiese metode is om die data te voorsien; die oogmerk van die struktuurmetode is om dié gegewens te stroop van alles wat die historiese proses en menslike optrede daarby gevoeg het.²¹ Volgens hierdie siening maak mense geskiedenis, maar hul weet dit nie; hulle tree op, maar hulle besef nie die betekenis van hul optrede nie; hulle skep, maar hulle begryp nie die simboliek van hul skeppinge nie.

Lévi-Strauss se strukturalisme kom om twee redes a-histories voor: eerstens die implikasie dat geskiedenis nie die gevolg van bewustelike en doelgerigte menslike optrede is nie; tweedens staan sy permanente, universele strukture los van tyd en plek. Boonop aanvaar hy die onbewustelike strukture as 'n empiriese gegewe, iets wat intuïtief aangevoel word: dit kan nie geverifieer word nie.²² Lévi-Strauss het egter, paradoksaal genoeg, beklemtoon dat 'n antropoloog nie sy studie van 'n gemeenskap tot die hede kan beperk nie: die verwaarlosing van die historiese konteks lei tot 'n verkeerde beoordeling van die hede. Aan die ander kant kan die historikus nie sonder antropologiese insigte klaarkom nie: ook hý moet van die bewustelike inhoud van menslike gedrag na die onbewustelike vorm daarvan deurdring.²³ Lévi-Strauss se opvatting mag a-histories voorkom, maar sy strukturalisme het 'n groot invloed op historici gehad: dit is onder meer te bespeur in Braudel se *longue durée*²⁴ en die geskiedenis van *mentalité*.²⁵ Sy invloed is egter minder opvallend in die werk van Franse Marxistiese antropoloë; hulle is grootliks deur Louis Althusser se vertolking van Marxisme beïnvloed.²⁶

Karl Marx het nooit sy teorie oor die produksiewyse of -metode ("mode of production") van pre-kapitalistiese gemeenskappe volledig uitgewerk nie. Althusser en sy volgelinge, veral B Hindess en PQ Hirst, het sy onvolledige aantekeninge teoreties aangevul. Die resultaat is "struktuur-Marxisme" en 'n sterk afkeur in "empirisisme" en geskiedenis. Net soos Marx beskou Althusser die twee basiese konsepte van historiese materialisme, produksiewyse en sosiale formasie, as sosiale eenhede. 'n Produksiewyse word saamgestel om die sosiale formasie wetenskaplik te verstaan. 'n Produksiewyse word dus teoreties en abstrak gevorm; sosiale formasie is konkreet, maar nie 'n empiriese gegewe nie: dit is bloot die resultaat van 'n aantal produksiewyses. Volgens Althusser is 'n produksiewyse 'n struktuur wat uit 'n ekonomiese, politieke en ideologiese vlak bestaan; hierdie vlakke is onafhanklik maar verwant. Die ekonomiese vlak bepaal in die "laaste plek" watter vlak oorheersend sal wees.²⁷

Althusser en sy volgelinge beskou struktuur-Marxisme as 'n wetenskap op sigself: 'n sosiale formasie moet nie aan empiriese data getoets word nie, maar aan die

21. C Lévi-Strauss, *Structural anthropology* (Londen, 1969), *passim*.

22. Kyk in hierdie verband J Topolski, "Lévi-Strauss and Marx on history", *History and theory*, vol. 12, 1973, pp.192–207.

Lévi-Strauss, *Structural anthropology*, pp.1–25; kyk ook Lévi-Strauss, M Augé en M Godelier, "Anthropology, history and ideology", *Critique of anthropology*, no. 6, 1976, pp.44–55.

24. F Braudel, "History and the social sciences: the *longue durée*", in sy *On history* (Londen, 1980), veral pp.25, 38–52.

J le Goff, "The historian and the common man", in Dumoulin & Moisi (reds), *The historian between the ethnologist and futurologist*, pp.204–215.

26. Onder meer L Althusser & E Balibar, *Reading 'Capital'* (Londen, 1972); Althusser, *For Marx* (New York, 1970).

27. Dit is 'n ooreenvoudigde opsomming van 'n ingewikkelde teorie. Kyk ook JS Kahn & JR Llobera, "Towards a new Marxism or a new anthropology?", in Kahn & Llobera (reds), *The anthropology of pre-capitalist societies* (Londen, 1981), pp.263–329.

produksiewyse. Dié sienswyse lei onvermydelik tot 'n vyandige houding jeens die empiriese ingesteldheid van geskiedenis. Hindess en Hirst beweer byvoorbeeld: "Marxism [of eerder: hul weergawe daarvan], as a theoretical and a political practice, gains nothing from its association with historical writing and historical research. The study of history is not only scientifically but also politically valueless."²⁸ Die Britse historikus en Marxis, EP Thompson, lewer verdoemende kritiek op die oordrewe teoretiese wyse waarop Althusser en sy aanhangers beslag aan produksiewyse en sosiale formasie gee: "And now — not only among Althusserians, but among theoretical practitioners very generally — the 'mode of production' has become the focus of a truly obsessional preoccupation. This, decidedly, is their 'thing'. They are always undoing it and doing it up again. They are always examining its 'mechanism'; rearranging its components; inserting a new pinion here, a balance-wheel there, and oiling the moving parts with purified abstractions. The 'mode of production' has become like a base camp in the Arctic of Theory, which the explorers may not depart from for more than a hundred yards for fear of being lost in an ideological blizzard."²⁹

Enkele antropoloë het dit tog gewaag om verder as 'n honderd tree van hul teorie-basis af te dwaal en 'n paar pre-kapitalistiese gemeenskappe aan hul abstrakte maatstawwe gaan toets. Meillassoux, Godelier, Rey en Terray het belangrike werk gelewer en nuwe lig op die verband tussen die ekonomiese grondslae en ideologiese "superstrukture" van pre-kapitalistiese gemeenskappe gewerp.³⁰ Daar is aanduidings dat hul denk- en werkwyse 'n hele aantal jonger antropoloë én historici beïnvloed het. Tog kry 'n mens die indruk dat hulle struktuur ten koste van historiese konteks oorbeklemtoon; dat hulle die konsep produksiewyse skematies en nie analities aanwend nie. Hul studies kom gevolglik té sinchronies en staties voor. Kortom, anders as wat dit in Marx se eie werk die geval is, is die skeiding tussen struktuur en proses en die onderbeklemtoning van historiese ontwikkeling baie opvallend in die struktuur-Marxiste se studies.³¹

Die afgelope dekade of wat bevind antropologie hom in 'n krisis. Soos Diamond dit stel: "Anthropology, reified as the study of man, is the study of men in crisis by men in crisis."³² Die tradisionele studieveld van antropologie, "primitiewe" gemeenskappe, is vinnig besig om te verdwyn. Die voormalige "studie-objekte" het intussen onafhanklik geword en die teoretiese grondslae, metodiek en waarde van koloniale antropologie in twyfel begin trek.³³ Archie Mafeje se aantying weerspieël die dilemma waarin an-

B Hindess & PQ Hirst, *Pre-capitalist modes of production* (Londen, 1975), p.312.

EP Thompson, "The poverty of theory: or an orrery of errors" in sy *The poverty of theory and other essays* (Londen, 1980), p.346.

Slegs enkele werke word hier gelys: M Godelier, *Perspectives in Marxist anthropology* (Cambridge, 1977); E Terray, *Marxism and 'primitive' societies* (New York & Londen, 1972); C Meillassoux, "From reproduction to production", *Economy and society*, vol. 1, 1972, pp.93–105; Meillassoux, *Femmes, greniers, capitaux* (Parys, 1975); M Bloch (red.), *Marxist analyses and social anthropology* (Londen, 1975); JS Kahn & JR Llobera (reds.), *The anthropology of pre-capitalist societies* (Londen, 1981); Godelier, "The emergence of Marxism in anthropology in France", in E Gellner (red.), *Soviet and Western anthropology* (Londen, 1980), pp.3–17.

Kyk in hierdie verband N Katz & DS Kemnitzer, "Social anthropology and some trends in contemporary Marxist thought", *American anthropologist*, vol. 80, no. 3, 1978, pp.597–604; R Law, "In search of a Marxist perspective on pre-colonial Tropical Africa", *Journal of African history*, vol. XIX, no. 3, 1978, pp.441–452.

S Diamond, "Anthropology in question", in D Hymes (red.), *Reinventing anthropology* (New York, 1972), p.401.

J Banaji, "The crisis of British anthropology", *New Left review*, no. 64, 1970, pp.71–85; M Owusu, "Ethnography of Africa: the usefulness of the useless", *American anthropologist*, vol. 80, no. 2, 1978, pp.310–334.

tropologie hom tans bevind: "The crime of colonial anthropology is to treat the colonized as objects of history and not as subjects or a dialectical moment of the same historical unity of which the anthropologists were but a dominant part."³⁴ As gevolg van hierdie soort kritiek het antropoloë hulself en hul vak toenemend aan selfondersoek en -kritiek onderwerp; dit het tot 'n groter belangstelling in die geskiedenis van die dissipline gelei. Die "kind van imperialisme" het gepoog om aan te toon dat hy ook Rousseau en marx se "kind" is.³⁵ In sy nood het antropologie hom ook tot geskiedenis gewend; dit is veral in Afrika opvallend. Daar is aanduidings dat die historiese konteks moontlik 'n groter rol in toekomstige antropologiese studies gaan speel. Onlangs het John Comaroff gepleit om "a truly dialectical historical anthropology, founded upon a view of society and culture which is simultaneously synchronic and diachronic; which does not oppose 'structure' and 'history' but treats them as one; which avoids isolating and bounding its units of study ... seeing them, rather, as dialectically located in their total contexts".³⁶ Hierdie soort weskroep het die afgelope twee dekades of meer ook in die geskiedeniswêreld weerklink: geskiedenis moet meer aandag aan struktuur skenk; geskiedenis moet wegbeweeg van die unieke gebeurtenis en ook die stabiele, onveranderlike in die verlede verklaar; geskiedenis moet sy studieveld verbreed en sy metodiek verruim; geskiedenis moet mensliker, meer antropologies word.

2

Ná die Tweede Wêreldoorlog het geskiedenis ook 'n krisis beleef. Die gevestigde historiese praktyk, wat deur 'n onwrikbare geloof in die dokument en vooruitgang, belangstelling in die nasionale staat en die beklemtoning van unieke gebeurtenisse gekenmerk is, kon nie aan die eise voldoen wat die na-oorlogse wêreld aan die dissipline gestel het nie. Die idee van vooruitgang het saam met Europa in puin gelê; dokumentestudie, hoe deeglik ook al, kon nie die arbeider se leef- en denkwêreld verklaar nie. Die opkoms van die eermalige "skriflose" gemeenskappe het die ontoereikendheid van die tradisionele historiese metode beklemtoon: eerstens word hul geskiedenis ook deur onveranderlike, konstante strukture gekenmerk; tweedens het hul voorouers in die meeste gevalle nie geskrewe dokumente nagelaat nie. Gemeet aan die historistiese maatstawwe, dokumente en verandering, het hierdie nuwe nasionale state geen geskiedenis nie. Anders as antropologie het geskiedenis vroeg reeds besef dat sy metode te kort skiet.³⁷ In 'n poging om aan die nuwe eise te voldoen, het geskiedenis self 'n ingrypende omwenteling ondergaan. Dat geskiedenis nie heeltemal in dieselfde mate as antropologie in 'n krisis verval het nie, kan aan die invloed van Marx en die Franse *Annales*-skool toegeskryf word.

Bedurende die afgelope drie dekades het die Marxisme grootliks tot die antropologisering van geskiedenis bygedra. Die Marxistiese basis-superstruktuur-model het in baie gevalle tot 'n oorbeklemtoning van die basis of ekonomiese determinisme gelei,

Aangehaal deur T Ranger & C Murray in die inleiding tot 'n spesiale uitgawe van *Southern African studies* ("Anthropology and history"), vol. 8, no. 1, 1981, p.3.

Diamond, "Anthropology in question", pp.401 – 429.

Aangehaal in *Journal of Southern African studies*, vol. 8, no. 1, 1981, p.7. MG Smith het reeds in 1962 'n soortgelyke pleidooi gelewer: "History and social anthropology", *Journal of the Royal Anthropological Institute*, vol. 92, part I, 1962, pp.73 – 85.

37. Kyk onder meer Braudel, "The situation of history in 1950", in sy *On history*, pp.6 – 22; FA van Jaarsveld, "Objek en metode in die wetenskap van die geskiedenis, 1825 – 1980", *Historia*, vol. 27, no. 1, Mei 1982, pp.14 – 46.

maar Marxisme het ook die aandag op die gewone man, die arbeider, en sosiaal-ekonomiese onderwerpe gevestig.³⁸ Dit blyk veral uit die werk van 'n groep invloedryke Britse historici, soos Christopher Hill, EJ Hobsbawm, EP Thompson en Gareth Jones. Hobsbawm som die invloed van Marxisme op sommige Britse historici soos volg op: "First, it has underlined the absolutely essential connection between the world of ideas and feelings and the economic base, if you like, the way in which people get their living in production. Secondly, after all the Marxist model of base and superstructure, whatever you may think of it, implies a consideration of superstructure as well as a base, that is, the importance of ideas." Volgens hom het die Britse sosiale historici ook inspirasie uit die werk van sosiale antropoloë, soos EE Evans-Pritchard en Max Gluckman, geput.³⁹ Die mate waarin geskiedenis en antropologie in Brittanje by mekaar aangesluit het, blyk veral uit die werk van die sosiale antropoloog, Alan Macfarlane. Sy studie-objek is nie "eksotiese", "primitiewe" gemeenskappe in die voormalige kolonies nie; hy onderwerp groepe en verskynsels in Engeland gedurende die ses-tiende en sewentiende eeu aan historiese en antropologiese ondersoek: onder meer toordery in Tudor- en Stuart-Engeland, die oorsprong van Engelse individualisme, en reg en misdad. ⁴⁰ En heel onlangs het 'n "etnografiese" studie oor die geskiedenis van Britse volksgeskeiding verskyn.⁴¹

Die implikasie van hierdie tendense in die Britse geskiedskrywing is duidelik: historici beperk hul navorsing nie uitsluitlik tot die nasionale staat en leiers nie; en sosiale antropoloë is nie langer slegs in "primitiewe", vreemde gemeenskappe geïnteresseerd nie. Historici benut antropologiese insigte om die geskiedenis van die gewone mens toe te lig; antropoloë gebruik dokumente om verskynsels, mense en gemeenskappe in die verlede antropologies te verstaan.

Die Franse *Annales*-historici se werk vertoon eweneens 'n sterk antropologiese inslag. Veral drie tendense in hul werk het die weg vir nouer skakeling tussen die twee dissiplines gebaan: die opvatting dat geskiedenis 'n onselfstandige, afhanklike sosiale wetenskap is; 'n herstrukturering van tydskuur en die beklemtoning van stabiele, lang-durende strukture; en die verruiming van die studieveld van geskiedenis. Die *Annales*-skool het 'n lang interdisiplinêre tradisie en historici het hulle vroeg reeds tot die insigte van geografie, sosiologie, ekonomie en antropologie gewend om die verlede beter te verstaan én te verklaar. Daarby het hulle in verset gekom teen *l'histoire événementielle*, gebeurtenisgeskiedenis wat nie tot die dieptestrukture van die verlede, soos die omgewing, tradisie, demografie, pryssiklusse en houdings, deurdring nie. Een van hierdie skool se bekendste segsmanne, Fernand Braudel, het reeds in 1958 aangetoon dat geskiedenis ook met modelle en strukture kan werk: struktuur dui die mate van stabiliteit in die organisasie van 'n gemeenskap aan; modelle kan aangewend word om die strukture te ontleed en te verklaar. Meer nog, 'n model wat versigtig opgebou is, kan op soortgelyke "sosiale omgewings" toegepas word; dit kan tot groter insig lei en maak vergelykings moontlik.⁴² Die *Annales*-historici het tradisionele geskiedenis, 'n

38. EJ Hobsbawm, "Karl Marx's contribution to historiography", in R Blackburn (red.), *Ideology in social science: readings in critical social theory* (Suffolk, 1972), pp.265 – 283.

39. Hobsbawm se kommentaar oor P Burke se referaat, "The *Annales* school and British social history", *Review*, vol. 1, no. 3/4, 1978, pp.160 – 161. Kyk ook EP Thompson. "Folklore, anthropology, and social history", *Indian historical review*, vol. 3, no. 2, 1977, pp.247 – 266. Onder meer *Witchcraft in Tudor and Stuart England* (Londen, 1970); *The origins of English individualism* (Oxford, 1978).

41. SP Menefee, *Wives for sale: an ethnographic study of British popular divorce* (Oxford, 1981).

42. Braudel, "History and the social sciences: the *longue durée*", pp.25 – 54.

hermeneutiese geesteswetenskap wat volgens die individualiserende verstaanmetode te werk gaan, in 'n analities-verklarende wetenskap omgeskep. Terwyl die sosiale wetenskappe op geskiedenis neergesien het, het geskiedenis self 'n sosiale wetenskap geword. Of soos E le Roy Ladurie dit stel: "Clio het die klere van die sosiale wetenskappe gesteel terwyl hulle gebaai het — en hulle het nooit hul naaktheid agtergekom nie."⁴³

Gedurende die vyftiger- en sestigerjare het *l'histoire événementielle* toenemend *l'histoire immobile* geword. Die klem het al hoe meer op program-, seriële en kwantitatiewe geskiedenis geval — geskiedenis sonder mense. Le Roy Ladurie het selfs so ver gegaan as om te beweer dat geskiedenis wat nie kwantifiseerbaar is nie, nie op wetenskaplikheid aanspraak kan maak nie, en voorspel dat historici gedurende die tagtigerjare programmeerders gaan wees.⁴⁴ Die Franse historici het inderdaad 'n tyd lank die teleskoop bo die mikroskoop verkies, maar het nooit, soos Lawrence Stone impliseer, verhalende geskiedenis heeltemal verwaarloos nie.⁴⁵ Selfs in hul "verhalende" werk bly die *Annales*-historici nie in gebeurtenisse steek nie, maar poog om tot die simboliek en betekenis agter gebeurtenisse deur te dring.⁴⁶ Sedert die begin sewentigerjare het die mens skerper onder die *Annales*-historici se aandag gekom: hul geskiedskrywing het meer antropologies geword. Soos André Burgière aantoon, het 23 van die 45 artikels wat in 1976 in die *Annales: économies, sociétés, civilisations* verskyn het, oor antropologiese onderwerpe gehandel. Van 1960 af is artikels gepubliseer oor kulture van Afrika, Asië en Latyns-Amerika; oor gewone mense se daaglikse leefwyse, hul biologiese en sosiale gedrag; en oor wêreldbeskouings — *mentalités*, folklore en die strukturele ontleding van mites.⁴⁷

In 1976 het die historikus wat "geskiedenis sonder mense" so geslaagd beoefen het, seker een van die gewildste en mees antropologiese geskiedenisboeke van die twintigste eeu die lig laat sien: Le Roy Ladurie se bekende studie oor lewe, dood, bygeloof, toordery en sosiale verhoudings in 'n Middeleeuse dorp, Montaillou.⁴⁸ Die werk is grootliks gegrond op Jacques Fournier se noukeurige inkwisisieregister; Le Roy Ladurie benut hierdie "etnografiese aantekeninge" om die leef- en denkwêreld van 'n samelewing te herskep. Die studie kom baie soos 'n antropologiese monografie voor. Dit is verdeel in twee hoofafdelings: "ekologie" of sosiale geografie, en "argeologie" of sosiale verhoudings. Hierdie afdelings sluit hoofstukke oor bekende antropologiese onderwerpe in: gesag, lewensuitkyk, seksualiteit (insluitende die priester, Pierre Clergue, se avonture), liefde en huwelik, die posisie van vrouens en kinders, persepsie van tyd en ruimte, dood, godsdiens en die bonatuurlike. Tog kan hierdie werk nie bloot as retrospektiewe etnografie bestempel word nie: die skrywer werk met hipoteses, tref insiggewende vergelykings en lê interessante verbande.

Die *Annales*-historici het grootliks die kloof tussen geskiedenis en antropologie

E le Roy Ladurie, "History that stands still", in sy *The mind and method of the historian* (Brighton, 1981), p.27.

Le Roy Ladurie, "The historian and the computer" en "The quantification revolution and French historians: record of a generation (1932–1968)", in sy *The territory of the historian* (Brighton, 1979), pp.6,15.

L Stone, "The revival of narrative: reflections on a new old history". *Past and present*, no. 85, 1979, pp.3–24.

46. EJ Hobsbawm, "The revival of narrative: some comments", *Past and present*, no. 86, 1980, pp.3–8.

47. A Burgière, "The New *Annales*: a redefinition of the late 1960's", *Review*, vol. 1, no. 3/4, 1978, pp.195–205.

E le Roy Ladurie, *Montaillou: village occitan de 1294 à 1324* (Parys, 1976), vertaal deur B Bray, *Montaillou: Cathars and Catholics in a French village, 1294–1324* (Londen, 1978).

oorbrug. Hulle het gewone, nederige mense tot waardige studie-objekte verhef en die "primitiewe" gemeenskappe van Europa ontdek. Soos Burguière beweer: pleks van die vreemde bestudeer die *Annales*-historici die bekende "barbaar"; die eksotiese het huis toe gekom.⁴⁹ Bowenal het hulle geskiedenis van 'n metodiek voorsien wat die stabiele, langdurende strukture van tradisionele gemeenskappe kan ondersoek. Die "statiese", skriflose gemeenskappe van die voormalige kolonies is nie langer buite die bereik van geskiedenis nie.

Sedert die sestigerjare het historici hul toenemend op die bestudering van die geskiedenis van voorkoloniale gemeenskappe in Afrika toegespits. Hulle moes noodgedwonge die historistiese grondslae van tradisionele geskiedenis ingrypend wysig: geskrewe dokumente moes met ongeskrewe bronne aangevul word; naas verandering en vooruitgang moes hulle rekening met tradisie hou. In Afrika het die grense tussen geskiedenis en antropologie vervaag: die diachroniese historiese proses is nie langer teenoor sinchroniese struktuur gestel nie. Dit is veral opvallend in die Belgies-Amerikaanse historikus, Jan Vansina, se werk. As student het hy aan die Universiteit van Leuven ooreenkomstig die Bernheim-Bauer-tradisie opleiding in die Middeleeuse geskiedenis ontvang. Aan die Universiteit van Londen het hy onder indruk van die logika van sosiale antropologie gekom. Veldwerk in Afrika het Vansina laat beseft dat geskiedenis ook die gemeenskaplike en vergelykbare aspekte van gemeenskappe se verlede moet bestudeer, en dat antropologie nie tyd en verandering kan ignoreer nie. Soos hy self vertel: "Anthropologists worked with a synchronic framework. To bring history into a paper usually provoked the anthropologist to write 'History!' in an accusing way on the margin. And this in red ink. For history was diachronic and did not enable one to see the relation between the parts. Social anthropology, on the other hand, was so helpful in showing this relationship for a given moment in time. Out of this grew a concern with the relation between the 'ethnographic present', the one-moment-in-time analysis, and the study of culture through time: history."⁵⁰

Die afgelope drie dekades het geskiedenis toenemend antropologies geword. Of antropologie in dieselfde mate histories geword het, is minder duidelik; daar is egter aanduidings dat antropoloë al hoe meer aandag aan die historiese dimensie in hul werk skenk. Nietemin, dit is duidelik dat die verskille tussen die twee dissiplines eerder tradisioneel as epistemologies is. Tog word die standpunt nog algemeen gehuldig dat geskiedenis nie teoreties genoeg is nie, en dat dié tekortkoming in die weg van nouer samewerking tussen die twee dissiplines staan.⁵¹

Dit is seker waar dat die meeste historici meer in dokumente as teorie geïnteresseerd is, dat hulle eerder die "bronne laat spreek" as om hul feite aan hipoteses en modelle te onderwerp. Tog kan geskiedenis nie langer bloot as 'n diachroniese, verklarende wetenskap bestempel word nie; hiervoor het Marxistiese historici en die *Annales*-skool gesorg. Die Britse historikus, Gareth Jones, beweer byvoorbeeld: "In effect history is theory, and cannot logically be otherwise. It is the formulation of theoretical concepts with which to construct history that determines the greatness of

49. Burguière, "The New *Annales* ...", p.198.

50. J Vansina, "How the Kingdom of the Great Makoko and certain clapperless bells became topics for research", in LP Curtis Jr (red.), *The historian's workshop: original essays by sixteen historians* (New York, 1970), p.225. Kyk ook Vansina, "Cultures through time", in R Naroll & R Cohen (reds), *A handbook of method in cultural anthropology* (New York, 1970), pp.165 – 179. Onder meer JW Adams, "Consensus, community, and exoticism", *Journal of interdisciplinary history* ("Anthropology and history in the 1980s"), vol. XII, no. 2, pp.253 – 265.

the historian;”⁵² en: “For history, like any other ‘social science’, is an entirely intellectual operation which takes place in the present and in the head”⁵³ ’n Mens kan verwag dat Jones se selfversekerde uitsprake teorie-allergiese historici net meer na hul vertroude dokumente gaan dryf. Miskien is EP Thompson se “historiese logika” meer aanvaarbaar: “By ‘historical logic’ I mean a logical method of enquiry appropriate to historical materials, designed as far as possible to test hypotheses as to structure, causation, etc., and to eliminate self-confirming procedures (‘instances’, ‘illustrations’). The disciplined historical discourse of the proof consists in a dialogue between concept and evidence, a dialogue conducted by successive hypotheses, on the one hand, and empirical research on the other”.⁵⁴ Historici het gewoonlik genoeg empiriese gegewens maar selde hipoteses. Miskien kan antropologie historici help om hul eie konsepte en modelle te formuleer.

Die afgelope tyd het bekende historici, soos onder meer J le Goff, F Furet, A Burguière, EP Thompson, BS Cohn, K Thomas en NZ Davis, nie slegs op die raakpunte tussen geskiedenis en antropologie gewys nie, maar ook aangetoon hoe antropologie historiese navorsing kan aanvul. Wat opval, is dat hulle nie van historici verwag om oornag antropoloë te word nie. Hulle moedig historici aan om op hoogte van tendense in antropologie te bly: antropologiese insigte kan die historiese metode verbeter en die studieveld van geskiedenis verruim.⁵⁵

Die algemene waarde wat antropologie vir geskiedenis inhou, het reeds ter sprake gekom. Dit kan geskiedenis van sy Eurosentrisme bevry; dit kan historici se aandag op andersoortige gemeenskappe vestig. Voorts kan ’n kennis van antropologie historici bewus maak van stabiliteit in die verlede: die besef dat alles nie voortdurend aan die verander is nie. Maar bowenal kan antropologie geskiedenis help om mensliker te word.

Historici vergeet dikwels dat dokumente bloot reste van die verlede is, “artefakte” wat selde die betekenis en doel van gebare en gebeurtenisse openbaar. Die dokumentskrywer bevind hom gewoonlik self in die historiese stroom en begryp nie altyd self die implikasie en samehang van gebeurtenisse nie. Antropologie kan die historikus help om sy interne kritiek skerpsinniger toe te pas: dit kan hom bewus maak van die motiewe, denkwyse en *mentalité* van die gemeenskap agter die dokumente. Historici hoef dus nie antropoloë se teorieë en modelle net so oor te neem nie, maar ’n kennis van antropologiese insigte kan dit vir die historikus moontlik maak om nuwe probleme in die bekende dokumente raak te sien. Kortom, antropologie kan die historikus meer bewus van die waarde van hipoteses en konsepte maak.

Afgesien van antropologiese modelle kan historici ook baat vind by antropologiese navorsing oor mites en legendes. Antropoloë het lankal besef dat ’n navorser nie alles moet glo wat ’n gemeenskap oor homself te sê het nie: hy moet langs ’n

GS Jones, “History: the poverty of empiricism”, in Blackburn (red.l), *Ideology in social science*, p.114.

Jones, “From historical sociology to theoretical history”, *British journal of sociology*, vol. 27, no. 3, 1976, p.296.

54. EP Thompson, “The poverty of theory ...”, p.231.

55. Kyk onder meer Furet en Le Goff se bydraes in Dumoulin & Moisi (reds), *The historian between the ethnologist and the futurologist*; K Thomas, “History and anthropology”, *Past and present*, no. 60, 1963, pp.3–24; die artikels van Cohn, Davis en Adams in *Journal of interdisciplinary history*, vol. XII, no. 2; C Tilly, “Anthropology, history and the Annales”, *Review*, vol. I, no. 3/4, 1978, pp.207–213; EP Thompson, “Folklore, anthropology, and social history”, pp.247–266; A Burguière, “The New Annales ...”, pp.195–205.

omweg by die werklikheid uitkom. Die waarde van 'n mite lê nie soseer in die aantal feite wat dit bevat nie, maar in die funksie wat dit vir 'n gemeenskap vervul. Historici behoort hierdie insig meer ter harte te neem en hul dokumente versigtiger te benader. 'n Volk of gemeenskap se belewing van hul geskiedenis weerspieël nie altyd die volle waarheid nie: daar is 'n groot verskil tussen geskiedenis-as-volksbesit en geskiedenis-as-wetenskap. Die historikus vind dit moeiliker as die antropoloog om hierdie onderskeid te tref. Hy is gewoonlik 'n lid van die gemeenskap wat hy bestudeer en kan nie maklik aan die groepsideale en "amptelike" mites ontsnap nie. Trouens, in baie gevalle is hy as volkshistorikus die skepper en verspreider van mites.

Historici streef al hoe meer na 'n geheelbeeld van die verlede, na *l'histoire intégrale*.⁵⁶ Oor die algemeen het historici hierdie ideaal nog nie volkome verwesenlik nie: geskiedenis val steeds uiteen in verskillende vertakings, soos politieke, ekonomiese, kulturele en sosiale geskiedenis. Antropoloë bestudeer gewoonlik 'n gemeenskap of groep in diepte en poog om die samehang tussen politiek, godsdiens, kultuur, ekonomie en sosiale verhoudings aan te toon. Of hulle altyd daarin slaag, is 'n ander vraag. Nietemin, die werk van antropoloë kan historici help om die "plat vlak", soos Jan Romein dit noem, in 'n driedimensionele beeld te omskep.

Antropologie kan die mens in geskiedenis terugplaas. Historici konsentreer so op politieke ontwikkeling, leiersfigure en epogmakende gebeurtenisse dat hulle die gewone mens en sy omgewing uit die oog verloor. Toegegee, "groot manne" en belangrike gebeurtenisse het dikwels 'n ingrypende invloed op gewone mense se lewens, maar dit moet gesien word teen die agtergrond van sosiale verhoudings, leefwyse en materiële kultuur. Antropologie kan die historikus meer bewus maak van sosiale strukture, die onderstrominge in die verlede wat nie direk in dokumente neerslag gevind het nie: familie- en verwantskapstrukture, die samestelling van klasse en dorpsgemeenskappe, en die verhouding tussen die geslagte en generasies. Antropoloë kan historici se aandag op die mens se materiële kultuur vestig: sy leefwyse, eetgewoontes, kleredrag, die versorging van sy liggaam, en die inrigting van sy woonplek. Historici behoort ook kennis te neem van antropologiese navorsing oor rites, chiliasme en die bo-natuurlike: "komplekse" samelewings het immers ook hul bygelowe en rites wat een of ander funksie vervul.

Die historikus het die onbenydenswaardige taak om aan die hand van onvolledige dokumente 'n geheelbeeld van die verlede te herskep. Hy kan nie die optrede van historiese persoonlikhede en gemeenskappe direk waarneem nie; hy kan hulle nie ondervra om te hoor hoe hulle sake sien en wat hulle dink nie. Dit is in hierdie opsig dat antropologie vir geskiedenis so waardevol kan wees. Soos Keith Thomas dit stel: "The historian has so often to rely upon his imagination to trace links or deduce consequences which the anthropologist can see before his eyes. Is it too much to suppose that the historian who is familiar with the findings of the anthropologist is in a better position to ask intelligent questions of his material and more likely to come up with intelligent answers?"⁵⁷

Dit is seker onnodig om te waarsku dat die historikus wat by antropologie leen, versigtig te werk moet gaan. Antropoloë beskuldig historici dikwels daarvan dat hulle eklekties leen: dat hulle antropologiese werke gebruik wat hul eie opvattings onder-

Kyk in hierdie verband J Romein. "Integrale geschiedschrijving" in sy *Historische lijnen patronen* (Amsterdam, 1971), pp. 535-551
Thomas, "History and anthropology", p.17.

skryf en geneig is om die meer a-historiese antropoloë se werk te ignoreer.⁵⁸ Historici behoort sekerlik op hoogte van die verskillende antropologiese skole te wees; hy moet die argumente en teenargumente ken. Maar hy hoef nie al die binnegevegte en onderlinge verskille oor te neem nie. 'n Groter gevaar is egter die lukrake toepassing van antropologiese modelle en interpretasies op historiese gevalle. Die historikus behoort steeds die model aan sy eie gegewens te toets. Natalie Davis, 'n historikus wat self swaar op antropologie steun, stel dit soos volg: "We consult anthropological writings not for prescriptions, but for suggestions; not for universal rules of human behavior, but for relevant comparisons. There is no substitute for extensive work in the historical sources. There is no way that a ritual in New Guinea or Zambia can be used to establish the meaning and uses of a ritual, say, in sixteenth-century Europe; the evidence must come from the people and the institutions of the time."⁵⁹

Antropologie beskik nie oor 'n verhewe siening van die sosiale werklikheid wat net so deur historici oorgeneem moet word nie. Antropologie besit nie 'n beter metodiek wat klakkeloos deur die historikus nagevolg moet word nie. Historici hoef nie antropoloë te word nie; geskiedenis behoort net meer antropologies te word.

Na 'n lang, ongelukkige skeiding het Herodotos se kinders weer by mekaar uitgekóm. 'n Identiese tweeling is hulle seker nie; susters wel. In Suid-Afrika word hulle egter nog deur 'n stewige grensdraad geskei.

3

'n Waardebepaling van die verhouding tussen geskiedenis en antropologie in Suid-Afrika lewer probleme op. "Geskiedenis" en "antropologie" moet telkens gekwalifiseer en omskryf word. Daar moet 'n onderskeid tussen ten minste twee antropologiese skole en denkrigtings getref word — sosiale antropologie, wat hoofsaaklik deur Engelstalige antropoloë beoefen word, en volkekunde wat aan die Afrikaanse en die meeste sogenoemde etniese universiteite onderrig word. Daar is aanduidings dat 'n derde groep besig is om na vore te kom: 'n jonger geslag Engelstalige antropoloë wat etniese kategorieë vermy en die politieke ekonomie van die land as hul vertrekpunt neem. Geskiedenis word eweneens deur verskillende denkrigtings en skole gekenmerk. Sedert die verskyning van Harrison Wright se omstrede boek het dit mode geword om tussen "liberales", "radikales" en "neo-Marxiste" in die Suid-Afrikaanse geskiedeniswêreld te onderskei.

Te midde van al hierdie verskille en geskille val drie algemene tendense in die verhouding tussen geskiedenis en antropologie 'n mens op. Eerstens is sosiale antropologie "oper" as volkekunde en gevolglik meer geneë om aansluiting by buurdissiplines te vind. Tweedens is Engelstalige historici meer bereid as hul Afrikaanse kollegas om antropologiese insigte te benut. En derdens kan die skeiding tussen geskiedenis en antropologie grootliks aan die apartheidsgedagte toegeskryf word: Afrikaanse historici bestudeer oorwegend die geskiedenis van die Afrikaner-"ethnos"; die geskiedenis van die Swart "etnosse", die mense oorkant die grens, word nog in hoë mate as die studieveld van die antropologie beskou.

Ná die vestiging van sosiale antropologie en volkekunde as akademiese dissiplines in die twintigerjare het hulle parallel ontwikkel: die metodiek, afbakening van

58. Adams, "Consensus, community, and exoticism", pp.253 – 265.

59. Davis, "The possibilities of the past", p.273.

studiegebied en leerplanne het nie opvallend van mekaar verskil nie.⁶⁰ Sedert die veertigerjare het daar egter 'n verwydering gekom. Sosiale antropologie het meer sosiologies en volkekunde meer kultuur-deterministies geword. Boonop het die grondleggers van volkekunde in Suid-Afrika, WM Eiselen en PJ Coertze, toenemend by apartheid betrokke geraak: hulle het "afsonderlike ontwikkeling" nie net teoreties gefundeer nie, maar ook prakties help uitvoer.⁶¹ Tans is daar weinig of geen kontak tussen sosiale antropoloë en volkekundiges nie. Intendeel, 'n buitestaander kry die indruk dat hulle mekaar taamlik vyandig gesind is. Hierdie toedrag van sake bevorder nie juis nouer skakeling tussen geskiedenis en antropologie nie.

Martin West omskryf sosiale antropologie as "a social science with links and overlaps with other social sciences." Volgens hom is die oogmerk van sosiale antropologie nie net om vreemde kulture te bestudeer nie, maar om uiteindelik die menslike samelewing oor die algemeen beter te verstaan — insluitende dié van die antropoloog: "Social anthropology, in my view, accepts the fundamental unity of mankind. Its particular studies hope to throw general light, and in so doing it ranges far and wide".⁶² Hy kritiseer volkekunde omdat dit hoofsaaklik in gebonde kulture geïnteresseerd is en eerder beskrywende as sosiologiese "waarom"-vrae stel.⁶³ Sosiale antropologie is inderdaad 'n "oop" dissipline: sosiale antropoloë bestudeer nie slegs eksotiese, tradisionele gemeenskappe nie, maar het ook al stedelike, plattelandse en Blanke gemeenskappe aan ondersoek onderwerp. Sosiale antropologie verskil egter in een opsig nie ingrypend van volkekunde nie: soos John Sharp aantoon, baken baie — indien nie die meeste nie — sosiale antropoloë hul studiegebiede ook etnies af.⁶⁴ Nietemin, daar is tekens dat sosiale antropologie toenemend sosiologie word en vir 'n buitestaander is dit moeilik om te begryp op watter gronde die akademiese skeiding van die twee dissiplines nog geregverdig word.

Vanweë die "openheid" van sosiale antropologie het bekende sosiale antropoloë reeds in 'n vroeë stadium aansluiting by geskiedenis gevind. AR Radcliffe-Brown, die grondlegger van sosiale antropologie in Suid-Afrika, word oor die algemeen as 'n anti-historiese antropoloog beskou; sy opvolgers, Isaac Schapera en Monica Wilson, kan tereg as "historiese" antropoloë bestempel word. Hierdie antropoloë het hulle nie slegs tot die "etnografiese hede" van tydgenootlike, tradisionele gemeenskappe bepaal nie, maar ook hul geskiedenis bestudeer. Schapera het reeds in 1939 verklaar dat 'n antropoloog slegs die funksionele samehang van 'n gemeenskap kan begryp indien hy ook sosiale verandering en geskiedenis in berekening bring.⁶⁵ Hierdie standpunt het in sy werk neerslag gevind: hy het sy studie oor die Khoisan uit historiese bronne aangevul; naas sy bekende antropologiese werke oor die Tswana het hy ook die geskiedenis van verskeie stamme geskryf.⁶⁶ Schapera se historiese aanvoeling blyk egter veral uit sy ver-

-
60. Kyk in hierdie verband I Schapera se omvattende verslag, "The present state and future development of ethnographical research in South Africa", *Bantu studies*, vol. 8, 1938, pp.219–342.
61. JF Eloff, "Die mens en die vakman [PJ Coertze]", in JF Eloff (red.), *Etnografiese studies in suidelike Afrika* (Pretoria, 1972), pp.1–14; JS Sharp, "The roots and development of volkekunde in South Africa", *Journal of Southern African studies*, vol. 8, no. 1, 1981, pp.16–36.
62. M West, *Social anthropology in a divided society* (Kaapstad, 1979), p.2.
63. *Ibid.*, pp.2–3.
64. JS Sharp, "Can we study ethnicity? A critique of fields of study in South African anthropology", *Social dynamics*, vol. 6, no. 1, 1980, pp.1–16.
65. I Schapera, "Anthropology and the native problem", *South African journal of science*, vol. 36, 1939, pp.89–103.
66. Kyk onder meer "A short history of the Kaa", *African studies*, vol. IV, no. 3, 1945, pp.109–121; "A short history of the Bangwaketse", *African studies*, vol. I, no. 1, 1942, pp.1–26.

sorging van die Livingstone-dokumente: sy aantekeninge is so volledig, sy kritiek so skerpsinnig dat 'n mens wonder of 'n opgeleide historikus hom dit sou kon nadoen.⁶⁷

Monica Wilson is seker die antropoloog wat die meeste aan historici bekend is. Sy is immers 'n mede-redakteur van die bekende en omstrede *The Oxford history of South Africa*⁶⁸ en het ook die hoofstukke oor die vroeë geskiedenis van Swart gemeenskappe geskryf. Die deelname van 'n antropoloog aan hierdie werk kom enigszins vreemd voor — nie omdat 'n antropoloog nie goeie geskiedenis kan skryf nie, maar omdat daar skynbaar nie 'n historikus beskikbaar was wat die betrokke hoofstukke kon behartig nie. Nietemin, Wilson het haar goed van haar taak gekwyt, miskien selfs beter as wat 'n historikus dit in daardie stadium sou kon doen. Tog kry 'n mens soms die indruk dat sy retrospektiewe etnografie beoefen, dat sy in die eerste plek historiese bronne as voorbeelde en ter illustrasie van sosiale en ekonomiese strukture aanwend, en nie soseer om ontwikkeling in tyd en ruimte aan te toon nie.

Watter besware daar ook al teen *The Oxford history* ingeblyf kan word, dit het in hoë mate 'n era van nouer kontak tussen geskiedenis en antropologie in Suid-Afrika ingelui. Hierdie werk het historici nie net van die geskiedenis van Swart gemeenskappe bewus gemaak nie, maar ook getoon dat die bestudering van die Suid-Afrikaanse verlede 'n interdisiplinêre benadering vereis. *The Oxford history* is in 1969 met 'n bundel studies oor die geskiedenis van Swart gemeenskappe opgevolg.⁶⁹ In sy bydrae tot hierdie werk beweer LM Thompson onder meer: "Historians have been mainly concerned with the activities of the white community ... They have tended to ignore, or to treat very summarily, the history of the African peoples before they were subjected to white overrule. The pre-conquest African societies are therefore a forgotten factor in southern African history. In so far as they were the subjects of academic enquiry at all, they were left to archaeologists, linguists, ethnologists, and physical and social anthropologists."⁷⁰

Sedert die verskyning van hierdie twee werke het 'n jonger geslag historici hulle toenemend op die geskiedenis van Swart gemeenskappe toegespits. Historici soos onder meer Jeff Guy, William Beinart, Philip Bonner, John Wright, JB Peires en Peter Delius oorskry in hul werk die grense van tradisionele geskiedenis. Hulle benut plaaslike antropoloë se werk, maar put veral inspirasie uit Franse Marxistiese antropoloë se studies. Daar is aanduidings dat hulle ook deur Britse sosiale historici, soos Thompson en Hobsbawm, die Amerikaanse historikus, ED Genovese, en die Franse *Annales*-historici beïnvloed is.⁷¹ Shula Marks, 'n invloedryke figuur onder hierdie historici, en Anthony Atmore sit die intellektuele klimaat van 'n onlangse opstelbundel soos volg uiteen: "They are written in the belief that the division of history, and indeed the social sciences, into fragmented, specialised branches of knowledge is at best inadequate, at worst grossly misleading."⁷² Die afgelope dekade het hierdie historici belangrike werk gelewer en veral die ekonomies-sosiale dinamiek van gemeenskappe belig. Soms voel 'n mens egter dat hul historiese figure hoofsaaklik produseer en repro-

67. Onder meer *Livingstone's missionary correspondence 1841–1856* (Londen, 1961); *David Livingstone: South African papers 1849–1853* (Kaapstad, Van Riebeeck-Vereniging no. 5, 1974).

68. Kyk veral die eerste band, Londen, 1969, hoofstuk II, III en IV.

69. L Thompson (red.), *African societies in Southern Africa* (Londen, 1969).

70. L Thompson, "The forgotten factor in southern African history", in *African societies ...*, p.1.

71. S Marks & A Atmore (reds), *Economy and society in pre-industrial South Africa* (Londen, 1980), p.3. Afgesien van hierdie bundel opstelle, kyk ook JB Peires (red.), *Before and after Shaka* (Grahamstad, 1981).

72. Marks & Atmore (reds), *Economy and society ...*, p.3.

duseer; hulle leef en dink selde. 'n Mens kry ook die indruk dat hulle te gereidelik en onkrities teorieë en modelle leen en op Suid-Afrikaanse gemeenskappe toepas, sonder dat die nodige historiese materiaal eers grondig ontgin is. Na aanleiding hiervan het Monica Wilson tydens 'n konferensie opgemerk: "Either we put down this material, or we say we don't know. But to put down mode of production and articulation and theory without defining the facts at a given time and place seems to me a waste of time."⁷³

In vergelyking met sosiale antropologie en die "nuwe geskiedenis" van Engelstalige historici, kom volkekunde en die Afrikaanse geskiedenisbeoefening veel meer geslote voor. Dit kan daaraan toegeskryf word dat volkekundiges en Afrikaanse historici hul onderskeie studieveld skerp afgebaken het. Volkekundiges is oorwegend in die kultuur van "etnosse" geïnteresseerd. In die meeste gevalle bepaal dokumente Afrikaanse historici se studieveld: die politieke verlede van Blankes.

Die studieveld van volkekunde, soos PJ Coertze dit omskryf, "is mense soos hulle in volksverbande leef, en die kultuur van mense, soos dit deur skeppings- en groei-proses saam met volke tot stand gekom het en as afsonderlike maar tog onderling verbonde verskynsels bestaan."⁷⁴ Dit is opvallend dat Coertze "etnos" en volk as 'n empiriese gegewe aanvaar en nie aan die geskiedenis toets nie. Die indruk ontstaan dat "etnosse" staties is en dat lede van 'n "etnos" geen vrye wil het nie: hy is 'n "volksge kondisioneerde persoonlikheid wat gefikseer en moeilik veranderbaar is".⁷⁵ Waar volke wel verander, waar akkulturasie tog plaasvind, roep Coertze nie die hulp van geskiedenis in nie, maar verkies hy om dogmatiese uitsprake te lewer. Volgens hom bring akkulturasie "steurnis in die geordende en georganiseerde korpus van 'n volk ..." Meer nog: "Die lewe verloor sy spontaneïteit ... Daar kom spanning tussen individue, hulle word afkerig van mekaar en dit lei selfs tot botsings."⁷⁶ Dat Coertze "etnosse" nie heeltemal as statiese verskynsels sien nie, blyk uit die volgende uitspraak: "Volke wat deurmekaar woon, neig om een volk te word, maar volke wat naas mekaar woon, kan bly voortbestaan op die basis van vreedsame naasbestaan en op die beginsel van sien leef en laat leef."⁷⁷ Hierdie opmerking laat 'n mens vermoed dat Coertze nie net vooraf besluit het hoe 'n "etnos" moet lyk nie, maar hom ook beywer om "etnosse" afsonderlik te hou. Die klem val dus op "etnosse" soos hulle behoort te wees, en nie op die historiese "groeiproses" nie. Verklaar hierdie ingesteldheid nie waarom volkekundiges tot dusver so min aandag aan geskiedenis geskenk het nie?

Dit sal onregverdig wees om PJ Coertze se standpunt aan alle volkekundiges toe te dig. Tog is hy 'n baie invloedryke volkekundige wat lank die koers aangedui het. Boonop staan baie van sy oudstudente tans aan die hoof van volkekundedepartemente dwarsoor die land. Hy sal deur buitestaanders as die woordvoerder van volkekundiges aanvaar word totdat volkekundiges self sy opvattinge verwerp of weerlê. Moontlik kan 'n buigsamer siening van volk, "etnos" en historiese ontwikkeling die weg vir nouer skakeling tussen volkekunde en geskiedenis baan. Maar dan sal die Afrikaanse geskiedskrywing ook sy grensbakens moet verskuif.

73. Peires (red.), *Before and after Shaka*, p.18.

74. PJ Coertze (red.), *Inleiding tot die algemene volkekunde* (Pretoria, 1960), p.6.

75. *Ibid.*, p.34.

76. PJ Coertze, "Akkulturasie", in G C ronjé (red.), *Kultuurbeïnvloeding tussen Blankes en Bantoe in Suid-Afrika* (Pretoria, 1968), p.12.

77. *Ibid.*, p.34.

'n Opvallende kenmerk van die Afrikaanse geskiedskrywing is sy Afrikanerbetrokkenheid: die opkoms van die Afrikaner, sy onafhanklikheidstrew, republikaanisme en die handhawing van sy identiteit is sentrale temas in die meeste Afrikanerhistorici se werk. Of Afrikaanse historici daarvan gehou het of nie, die Afrikanersamelewing het veral van die veertigerjare af van hulle verwag om die "Afrikanersaak" te dien — hetsy deur hul geskiedskrywing, hetsy deur hul betrokkenheid by Afrikaanse kultuur- en politieke organisasies. Die "taak" van die Afrikanerhistorikus stem baie ooreen met dié van die volkekundiges: hy bestudeer die Afrikaner se identiteit en stel die Afrikanergemeenskap in sy werk as 'n unieke, afsonderlike groep voor, die mense "duskant die grens"; volkekundiges ondersoek die kulture van volke "anderkant die grens". Elkeen het sy eie, afsonderlike studieveld en bevolkingsgroep. Daarby koppel die meeste Afrikaanse historici geskiedenis aan dokumente: waar geen dokumente bestaan nie, is geskiedenis onmoontlik. Dit is min of meer die rede wat aangevoer word om die afsonderlike behandeling van die geskiedenis van Swartes in 'n bekende algemene geskiedenis-handboek te regverdig.⁷⁸

'n Historikus wat reeds in 'n vroeë stadium om nouer kontak tussen historici en volkekundiges gepleit het, was TS van Rooyen. In 1955 het hy in 'n artikel (waarin trouens baie wanvoorstellings voorkom) daarop gewys dat 'n historikus nie sonder 'n grondige kennis van volkekunde die verhouding tussen Wit en Swart kan begryp nie. Nogtans tref hy 'n onderskeid tussen die historikus se werkswyse en dié van die volkekundige: "Die volkekundige gaan na hoe die struktuur vertoon, terwyl die historikus stap vir stap moet nagaan hoedat die struktuur gegroei en ontwikkel het totdat dit so vertoon soos dit is."⁷⁹ Die kunsmatigheid van hierdie onderskeid is duidelik. Hoe kan 'n volkekundige 'n struktuur bestudeer as hy nie weet hoe dit ontstaan het nie? En hoe kan die historikus die ontwikkeling van 'n struktuur nagaan, as hy nie eens weet hoe dit lyk nie? Dit is opvallend dat Van Rooyen bereid is om volkekundiges se hulp in te roep ten einde die kontaksituasie tussen Swartes en Blankes beter te verstaan, maar nie om die geskiedenis van Swartes as sodanig toe te lig nie. Trouens, volgens hom begin die Swartes se geskiedenis eers nadat hulle met Blankes in aanraking gekom het. Hiervan getuig uitsprake soos: "Voor sy aanraking met die blanke het die Bantoe byvoorbeeld vir duisende jare gebly wat hy is. Uitwendige gebeurtenisvolle oomblikke word wel beleef; sy groep of stam waartoe hy behoort word aangeval ..., maar geen werklike innerlike verandering ten opsigte van wat ons as *sy etos* sal beskou, het plaasgevind nie en het hy nie uit eie beweging tot so 'n verandering bereid of in staat gewees nie".⁸⁰ Hoe onhoudbaar sommige van TS van Rooyen se uitsprake ook al is, hy was een van die min Afrikaanse historici wat taamlik breedvoerig op die waarde van volkekunde vir geskiedenis gewys het. Ongelukkig is daar min aanduidings dat jonger historici sedertdien sy riglyne ter harte geneem het.

4

Dit het al 'n gemeenplaas geword om op die leemtes in die Suid-Afrikaanse, en veral die Afrikaner, se geskiedskrywing te wys. Historici wys nuwe studieveld aan, pleit om metodologiese vernuwing en doen nuwe benaderings aan die hand. Maar dit lyk of

78. CFJ Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Kaapstad & Pretoria, 1968).
 79. TS van Rooyen, "n Nuwe benaderingsmetode in verband met die studie van die kontak tussen Blank en Bantoe", *Koers*, vol. XXII, no 4, p.229.
 80. Van Rooyen, "Van prehistorie na geskiedenis — die deurbraak in Afrika", *Tydskrif vir rasse-aangeleenthede*, vol. 13, no. 2, 1962, p.103. Kyk ook sy opstel, "Die Bantoe in die Suid-Afrikaanse historiografie", in G Cronjé (red), *Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie* (Pretoria, 1965), pp.134 — 170.

veral Afrikaanssprekende historici traag is om gehoor te gee. Gevestigde praktyke kan immers nie oornag oorboord gegooi word nie. Boonop is dit moeilik om die Afrikaner geskiedenisbeoefening te verander sonder om die ganse “infrastruktuur” — onder-rigmetodes, leerplanne, navorsingsfasiliteite en dies meer — ingrypend te wysig. Nietemin, miskien kan ’n groter kennis van die antropologie Afrikaner-historici help om ten minste ’n paar van die leemtes te vul.

Antropologie kan historici meer bewus maak van die motiewe en ideale van die mense wat hulle aan die ander kant van die grens bevind het. Swartes word nog te dikwels as oorwegend “probleme” en “veediewe” in die Afrikaanse geskiedskrywing uitgebeeld. Kan die benutting van antropologiese insigte historici miskien nie in staat stel om Swartes meer-dimensioneel voor te stel nie?

Dit is egter nie net Swartes wat as “plat karakters” in die Afrikaner-geskiedskrywing figureer nie. Dit is ironies dat die Afrikaner wat al soveel historiese aandag getrek het, steeds ’n onbekende bly. Ons leer hom as vryheidsvegter, republikein en nasionalis ken — maar ons weet nie hoe hy geleef en wat hy gedink het nie. Ons weet hulle was boere — maar weet ons nog hoe en waarmee hulle geboer het? Ons weet hulle het groot gesinne gehad — maar ken ons die verwantskapstrukture? Miskien kan antropologie ons help om die Afrikaner mensliker voor te stel, om die “politieke dier” weer tot ’n mens te maak. Die Afrikaner is immers nie bo die antropologiese ondersoekmetode verhewê nie.

Kennis van antropologie kan die historikus bewus maak van die rol en funksie van mites. Afrikaanse historici verwag nog te veel geskiedenis soos die Afrikaner dit beleef en dikwels omskep met die wetenskaplike studie van geskiedenis. Geskiedenis as volksbesit en mites is nie geskiedenis nie, maar ’n onderwerp vir historiese ondersoek. Afrikanerhistorici is nog te gevoelig oor pogings om die Afrikaner se beleving van sy geskiedenis aan historiese ondersoek te onderwerp.⁸¹ Dit is die historikus se taak om ook hierdie onderwerp te bestudeer — en nie te vertroetel nie.

Miskien kan antropologie die waarde van teorieë en modelle onder Suid-Afrikaanse historici se aandag bring. Ons is van nature geneig om enige teorie met agterdog en selfs vyandigheid te bejeën. Spruit dié houding nie uit die feit dat ons nie weet hoe om teorieë en modelle aan te wend nie? Miskien is dit nodig om te onthou dat teorie nie historiese navorsing vervang nie; dit kan dit moontlik meer sinvol maak.

’n Mens kan voortgaan: antropologie kan die Suid-Afrikaanse geskiedenis op verskeie wyses aanvul. Maar sy belangrikste waarde lê steeds daarin dat hy die Suid-Afrikaanse geskiedenis (wat so deur goewerneurs, presidente, oorloë en ander dramatiese gebeurtenisse oorheers word) mensliker kan maak.

81. PH Kapp, “Gebruik en misbruik van die geskiedenis” *Aambeeld*, vol. 10, no. 2, 1982, pp.19-22.